# SKENK BLOED IN HEILBRON

SANBS is Essensiële Diens – Skenk bloed in Heilbron
Die Suid-Afrikaanse Nasionale Bloeddiens (SANBS) is deel van die Essensiële Diens en is operasioneel tydens die inperking. SANBS sal as gevolg van die inperking, hierdie maand twee geleenthede om bloed te skenk in Heilbron aanbied.

**SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk, Dinsdag 26 Mei 2020 en Donderdag 28 Mei 2020 by die NG Suid-kerksaal vanaf 13:00 – 18:00.**
SANBS volg streng maatreëls om die veiligheid van skenkers te verseker. Help SANBS om 'n bloedtekort te voorkom deur bloedskenking te ondersteun. Hierdie is 'n spesiale beroep op die publiek om 30 minute af te knyp om bloed te skenk.
Die minimum vereistes om 'n bloedskenker te wees, is:

- Tussen die ouderdom van 16-75 jaar
- Weeg meer as 50kg
- Geniet goeie gesondheid
- Leef 'n veilige seksuele leefstyl

SANBS wil graag alle gereelde bloedskenkers bedank en aanmoedig om aan te hou om gereeld bloed te skenk.
Vir meer inligting, besoek ons gerus by
**www.sanbs.org.za of skakel tolvry 0800 11 90 31**

SANBS










